

# 1969 Matrieks hou reünie

• Alwyn Swart

Op 5 Oktober 2019 het ons die mylpaal behaal van 50 jaar "uit die skool". Wat 'n wonderlike geskenk van ons Vader, wat Sy hand van beskerming so oor ons gehou het. Alle eer kom Hom toe. Ons skoolloopbaan het 62 jaar gelede begin, in sub A (graad 1) by die destydse Heilbron Volksskool of genoem die Rooiskool. Die wonderlikste van die verhaal is, dat beide ons Sub A juffrouens nog lewe en een van hulle, Tannie Erina Oosthuizen, was saam by die reünie gewees, (op die rype ouderdom van 83 lyk sy amper beter as baie van ons!) Ons ander juffrou, Cecile Weiss, kon die geleentheid ongelukkig nie bywoon nie. Hiermee ook ons dank aan al die onderwysers wat gedurende hierdie 12 skooljare, aan ons probeer slyp het, vir dit wat ons vandag is. Deur die jare het die kern van ons "Klas van 69", dieselfde gebly en soos op die foto kan mens sien die Vader was goed vir ons gewees. Van die 43 Matrieks is slegs 11 in die tyd oorlede. Ons dink met deernis aan

hulle wat nie meer daar is nie. Van die oorblewende 32, was daar 25 by die reünie gewees. Hierdie is 'n bewys dat ons 'n hegte klas was en geen moeite is ontsien om te kom vir die geleentheid nie. Die paar wat nie daar was nie, het geldige verskonings gehad. Ek het die naweek weereens besef dat almal van ons nog steeds 'n hegte band vorm. Daar was en sal nooit weer 'n "Klas van 69" wees nie. Baie van ons onderwysers en ander skoolmaats sal dit beaam dat ons nog steeds "the one and only" was en nog steeds is! Ek kan net sê hierdie klas was dalk berug, maar terselfdertyd opreg en kon saamgestaan het soos min! As een skuldig was, was almal skuldig! Die "aansagsels" of lewensmaats wat ons hier met liefde noem, is in die meeste gevalle al baie jare saam met ons. Hulle is die mense wat ons lief en leed die afgelope jare met ons gedeel het en nog gaan deel. Gister is gegewe - Vandag sorg vir homself - Môre is 'n gawe van Bo! Wat sal ons kan sê, behalwe van nou af, is dit net "VASBYT" Groete van die "Klas van 69"



Op die foto voor vl: Paul Els, Elmie Brink, Catharina Kruger, Christoffel de Bruyn. Middel sittende: Basie Botha, Linda Barnard, Marlyn Swartz, Riëtte Nel, Magda Dames, Sam Marais, Koos Naudé. Agter staande: Dewet Olivier, Wessel van Eeden, Flip vd Merwe, Alfred Thomas, Elna Lee, Louis Boshoff, Christa Esterhuysen, Annette Coetzee, Hennie Fourie, Susann Marais, Alwyn Swart, Albert Labuschagné, Johan Labuschagne, Neels du Plooy.

# Dienssentrum open met nostalgie



Ds Braam het vir die Dienssentrum lede geopen met 'n nostalgiese storie van sy oupa. Verder het die lede produkte bespreek - Op die foto bo is (die rooi en geel blik) wat uit 1947 kom toe koningin Elizabeth en haar gesin Suid-Afrika besoek het. Links is daar 'n olie-kannetjie vir bv. naaimasjiene. Dit is ook al omtrent 70 jaar oud. Dan is daar 'n blik (heel links) met Hollandse sigare. En natuurlik het al die seniors grootgeword met ouma Mazawatee-tee. Die kosblik links (ovaal) het hulle ook heerlik laat onthou. Oor die algemeen het die onderwerp hulle herinner aan dinge waarvan hulle lankal vergeet het.



Op die foto regs: Ds Braam van Zyl en Sylvia Meades (Voorsitter van Heilbron Dienssentrum).

**SPAR**

**SAVE 75%**  
PER PAIR OF CRYSTAL GLASSES

10 September - 31 December 2019  
Terms and Conditions Apply. See Details In-Store.

**GET YOUR COLLECTOR CARD IN-STORE NOW!**

**SPAR IQF Mixed Chicken Portions 2 kg**  
**54<sup>99</sup>**

**Stork Country Spread 40% Fat 500 g**  
**19<sup>99</sup>**

**SPAR Golden Corn Flakes 500 g**  
**18<sup>99</sup>**

**BUY ANY 2 FOR 27<sup>00</sup>**  
Spar-letta Sparberry, Creme Soda, Pine Nut or Iron Brew 2 litre

**Brookes Oros Squash (Assorted) (incl. Lite) 2 litre**  
**R2 off x 10**  
FREE PRICE R31<sup>99</sup>  
R29<sup>99</sup>

Specials available at selected SPAR, SUPERSPAR and KWIKSPAR stores (excluding SPAR Express stores) up to and including 20 October 2019, while stocks last. We reserve the right to limit quantities. TV products available nationally. Not available in KwaZulu-Natal, Lowveld, Eastern or Western Cape. Prices include VAT.